# UIT DIE VROEGSTE GESKIEDENIS VAN KAAP VALS: DIE VOORGESKIEDENIS VAN 'N NATUURRESERVAAT

Daar is baie min streke in Suid-Afrika wat so ná aan Jan van Riebeeck se stigtingsplek geleë is en tog so afgesonderd ontwikkel het as die bergagtige kusstrook aan weerskante van die hedendaagse Kaap Hangklip. Die ou Portugese Oos-Indiëvaarders het spoedig geleer om sorgvuldig te let op die prominente bergpunt wat net oos van die Kaap die Goeie Hoop oor dikwels stormagtige waters geleun het. Wanneer die uitsig swak was en die skeepsbestuur nie baie wakker nie, kon rykbelaaide retoerskepe maklik hierdie bergpunt vir Kaappunt aangesien het, en, in die waan dat die westelike suidpunt van Afrika reeds omseil was, op die anderkantse kus van Valsbaai in die moeilikheid raak. Met die oorweldigende krag van die suidoostewind van agter sou dit nie maklik wees om tussen die rotse en rotsbanke in Valsbaai die veiligheid van die huidige Simonsbaai of enkele ander beskutte inhamme te vind nie. So het die latere Kaap Hangklip sy eerste blanke naam gekry: „Cabo Falso" (ook vroeër „Ponta Espinhosa" of Doringpunt genoem). En die naam Kaap Vals is weer verantwoordelik dat die groot en diep baai onmiddellik aan sy westekant (wat die oostelike kromming langs die rotsagtige Kaapse Skiereiland voorsien) Valsbaai genoem is. Kaap Vals is die sentrale uitloper in die suidelike oseaan van die Hottentots-Hollandberge wat van die huidige Gordonsbaai tot digby die mond van die Botrivier, net oos van die hedendaagse Kleinmond, in min of meer paralelle reekse langs die kus loop. Vandaar dat die Portugese Valsbaai ook die „Golfo Dentro das Serras", of die golf binnekant die berge, genoem het.[1]

Wat die armoedige Hottentotte wat sedert 'n gryse, onnaspeurbare verlede aan die strande van Hangklip gewoon het, dit genoem het, weet ons nie. Hulle was vermoedelik min in getal en merendeels uitgewekenes

---

1 Uit A. Cortesão en A. Teixeira da Mota se manjifieke stel kaarte in *Portugaliae Monumenta Cartographica*, gepubliseer in vyf dele te Lissabon in 1960, kan heelwat afleidings gemaak word oor die ontwikkelingsgang wat die Portugese kennis van Valsbaai en die bergwêreld aan sy oostekant deurgemaak het. Dwarsdeur die 16de eeu en tot ver in die 17de eeu word Valsbaai as 'n besonder diep baai aangetoon, wat gewoonlik smaller word en skynbaar in 'n rivier ver noordwaarts vervloei. (Was Seekoevlei of die Kuilsrivier destyds veel verder en groter noordwaarts? Vgl. bv. die Fransman, Augustin de Beaulieu se verslag in 1620 van 'n groot rivier daar, soos vertaal en uitgegee deur R. Raven-Hart in *Before Van Riebeeck: Callers at South Africa from 1488 to 1652*, Kaapstad 1967, p. 100. En het Nederlandse navolgings van voorstellings op die ou Portugese kaarte later die idee laat ontstaan dat die Kaapse Skiereiland maklik deur 'n kanaal van sy vasteland afgesny kan word? Vgl. bv. hoedat Jan van Riebeeck in 1662 nog na Van Linschoten se anderhalfeeuoue kaart verwys. A. J. Böeseken (red.): *Memoriën en Instructiën 1657-1699* in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Belangrike Kaapse Dokumente, I*, Kaapstad 1966, p. 33.) Die oostelike kusstreke van Valsbaai word duidelik as bergwêreld aangetoon waarvan „C. Falso" reeds deur Gaspar Viegas in omstreeks 1537 as 'n skerp bergpunt aangedui word aan die oorstekant van die Kaap die Goeie Hoop (*Portugaliae Monumenta Cartographica*, I, Plaat 48, Kaart 7(A) en 8(C). Kyk ook, onder talle ander kaarte, II, Plaat 194, A Fol. 7r en IV, Plaat 469, B). Vgl. verder W. J. de Kock: *Portugese Ontdekkers om die Kaap . . .*, Kaapstad 1957, p. 206.

onder hulle rasgenote. In die ruie, afgesonderde wêreld kon hulle 'n veilige toevlugsoord vind, hoofsaaklik as Strandlopers wat hul voedsel grotendeels in en langs die see gevind het. Die talle vlak inhamme het volop kleinere vissoorte en skulpdiere gelewer, tesame met seevoëleiers en hulle het die opgespoelde grotere seediere soos walvisse, tornyne en tuna as toegifte van die see altyd gretiglik aanvaar. Dat die Strandlopers ook soms planmatig te werk gegaan het om meer en beter voedsel gereeld te verkry, getuig die groot visvywers wat hulle reg voor Kaap Hangklip met klippe uitgepak het. Met hoogwater het rondtrekkende vis soos harders, makriel en masbankers ingeswem om met ebgety deur die Strandlopers gevang te word. Langs die kus en in die waterryke klofies het hulle bokkies en voëls met klippe gedood, suurvye en bessies versamel en heuning uitgehaal. Plek-plek het digte duine-melkbos (wat sedertdien grotendeels uitgebrand is) langs bergstroompies ideale skuiling teen son, wind en reën gebied. Die groot hope perlemoen, alikruikel en ander kleiner skulpe aan die Hangklipse kus getuig vandag nog van die ruime mate waarop hulle op dié volop skulpkosse geteer het. In duinegrafte sit hul geraamtes vandag nog, net soos hulle destyds deur hul makkers begrawe is; en om hulle in die sand lê nog van hulle klipwerktuie.[2] Wanneer in die diep grotte hoog en laag teen die berghange gesoek word, behoort verdere spore gevind te word en behoort, met hedendaagse wetenskaplike ontledings en dateringsmetodes, die ou Hangklipse Strandlopers en moontlik ook van ouer voorgangers helderder deur die newels van die verre verlede weer te voorskyn te kom. Na hierdie grotte het huilende noordwestelike reënstorms hul veral in die wintermaande ook gereeld gedryf.[3]

Die tierende suidoostewinde in die somer waai sandduine rond langs die minder beskutte dele van die kus. Teen die hoëre hange van Blesberg — by die Silver Sands van vandag — klim die sand honderde voet bo die strand die berg uit. In die talle diep beskutte klowe, sowel langs die kus as in die valleie agter die kusbergreekse, verseker die standhoudende winterreëns en motreëns langs die berghange ook in ander tye van die jaar 'n weelderige bosformasie met geelhout, stinkhout, assegaai, wit- en rooi-els en vele ander soorte. Allerlei soort struike, varings, orgidieë, nerinas en 'n unieke verskeidenheid van proteas, heide en sewejaartjies groei weelderig in en om die klowe, die vleie en op die klein vlaktes. Die afsondering van die streek en sy klein aantal inwoners het verseker dat sy flora en fauna lank nog betreklik ongeskonde bewaar is.[4]

---

[2] Mondelinge mededelings deur dr. George Albertyn van Kleinmond (aan wie ek heelwat algemene inligting verskuldig is) deur my in Januarie 1969 aangeteken. Kyk ook C. F. J. Muller: „Die Geskiedenis van die Vissery aan die Kaap tot aan die middel van die agtiende eeu", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* 5(1), 1942, Hoofstuk I, en I. Schapera: *The Khoisan Peoples of South Africa . . .,* Londen 1930, p. 304.

[3] Kyk J. A. Mabbutt: „Cape Hangklip — a study in Coastal Geomorphology", in *Transactions of the Royal Society of South Africa,* 34, 1954, pp. 17-24.

[4] Vir bosse vgl. M. Grut: *Forestry and Forest industry in South Africa,* Kaapstad/ Amsterdam 1965, pp. 10-11.

Van Riebeeck se nedersetting aan die voet van Tafelberg slegs sowat 40 myl na die noordweste, het spoedig reeds die aandag van Blankes aan die Hangklipgebied meegebring. Hoewel die gereelde seeverkeer met kusskepies aanvanklik op die mooi beskutte, visryke en relatief bekende Saldanhabaai in die noordweste gerig is, moes verkenningswerk om Kaappunt na Valsbaai en die gevaarlike suidkus na die suidooste tog gou plaasvind. Dit was baie belangrik vir die Kompanjiesowerhede dat nuwe beskutte baaie gevind moes word waar vars water en vars vleis asook vis verkry kon word.[5] Verkenningstogte oorland in die Skiereiland en op die Kaapse Vlakte het spoedig 'n groeiende belangstelling in die lokkende Hottentots-Hollandberge opgewek.

Intussen het die harde pioniersarbeid wat Van Riebeeck van sy manne geëis het, reeds vier van hulle in September van die stigtingsjaar laat toegee aan die versoeking om oor die Hottentots-Hollandberge na Hangklip te dros in die hoop om oorland Mosambiek te bereik. Vandaar wou hulle oorsee na Europa. Jan Blanx, vergesel van Jan Jansz., Willem Huijtjens en Gerrit Dircksz., het in rooi kryt plegtig hulle daaglikse avonture aangeteken. Die aand van 24 September het hulle oor die Kaapse Vlakte koers gevat, gewapen met twee pistole, vier swaarde, vergesel van 'n hond, en met slegs vier beskuitjies en vis as padkos. Nadat hulle drie dae aaneen gestap het, bereik hulle die huidige Gordonsbaai, ietwat gehawend. Toe twee renosters hulle stormloop, moes Jan Jansz. sy swaard en hoed agterlaat. Hul hond was toe reeds ernstig deur 'n ystervark gekwes. Langs 'n stroompie het hul lafenis gesoek en twee volstruise gewaar, maar weer het twee renosters hulle bedreig en verdryf. Die strand is nou opgesoek en hul honger gestil met jong voëls, eiers en klipkouse uit die see. Voordat hulle die „seer hoogen bergh aen de zee" aangedurf het, het hul eers nog klipkouse versamel, gaargemaak, ingeryg en gedroog. Hulle het ook kalbasse (droë seebamboes?) met water gevul. Op die vyfde dag het hulle die hoek van die Hottentots-Hollandberge probeer oorsteek, maar die pad was so moeilik dat Jan Jansz. en Willem Huijtjens begin moed verloor het. Teen die middag van die sesde dag (30 September 1652) het Gerrit Dircksz. ook begin moeg word. Omdat Jan Blanx nou besef het dat hy nie alleen kon voortgaan nie, het hy saam met die ander omgedraai in die hoop op genade by die fort. Teen 3 Oktober was hulle terug aan die Kaap om uit te wy oor hul ervarings in die moeilike berge en swaar vonnisse te ontvang. Sonder om presies te kon bepaal watter rigting die vier drosters ingeslaan het en hoever hulle gekom het, moes die onbegaanbaarheid van hulle besondere roete aan die fort bekend geraak het.[6]

Byna drie jaar later het korporaal Willem Muller met agt man en die Hottentot Herry as tolk, weer met sy volgelinge, dieselfde streek opgesoek. Dit was 'n veeruiltog met behulp van pakosse en op 20

---

[5] C. F. J. Muller: „Die Geskiedenis van die Vissery aan die Kaap tot aan die middel van die agtiende eeu", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 5(1), 1942, pp. 33-39.

[6] D. B. Bosman en H. B. Thom (reds.): *Daghregister gehouden by den Oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck*, I, 1651-1655, Kaapstad 1952, pp. 60-61, 63, 66-71.


September 1655 het hulle „aen de strant van de Caap Vals" geariveer.[7] Dit was egter nie Kaap Hangklip of enige plek in sy onmiddellike omgewing nie, maar slegs die strand van Valsbaai. Uit die naspoor van die gang van die landtog is dit duidelik dat die Hottentots-Hollandberge nog nie bereik is nie. Met „Caap Vals" word hier bedoel „Bay Vals" soos ook elders in kontemporêre stukke aangetref word.

Toe twee van Muller se manne die volgende dag 'n opgespoelde jong walvis op die strand vind, het hulle spoedig aanskou hoe die Hottentotte hul aan die spek verlustig. 'n Groot aantal rotsmossels wat vir hul vreemd was, is ook toe gevind en toe dit gaar gemaak is, is daar te veel klein klippies in gevind om dit te geniet; vir geval die klippies pêrels was, het hulle 'n aantal bewaar. Nadat hulle twee dae by die sogenaamde „Caap Vals" uitgekamp het, het hul ooswaarts voortgegaan totdat hulle die strand bereik het. Langs die strand het hulle gereis tot by 'n varswaterrivier wat uit die berge gevloei het. Hulle het 'n klein endjie langs hierdie rivier gegaan en 'n ou kraal gevind waar hulle die dag oorgebly het. Die volgende dag het agt vreemde Hottentotte verskyn, lede van die Strandlopers wat enige tyd tevore aan Van Riebeeck vee by die fort verkoop het. Herry het hulle baie vriendelik ontvang en hulle het 'n paar dae daar gebly. Toe die Hottentotte hulle verlaat, is hulle met hul pakosse voort O.S.O. deur 'n pragtige vallei totdat hulle 'n rotsagtige plek aan die voet van die berge bereik het. Daar het hulle die nag oorgebly. Die 28ste en 29ste September kon hulle weens die slegte weer nie voortgaan nie. Die volgende dag hulle die berg bestyg en 'n mooi gelyk plek daar aangetref. Hulle het verder ooswaarts getrek en by 'n mooi vallei uitgekom, maar die mis het daar so dik geword dat hulle nie meer vooruit kon sien nie. Nadat hulle S.S.O. voortgegaan het, het hulle die aand by 'n baie ongesonde plek aangekom.

Op die 1ste Oktober het hulle deur rotse in dieselfde rigting voortgetrek en toe suidwaarts 'n baie hoë berg bestyg en in 'n mooi vallei afgedaal en dit deurgetrek. Toe is hulle nog 'n berg oor en het hulle aan die voet daarvan 'n pragtige rivier deurgetrek na S.S.W. tot slaaptyd aangebreek het. Toe twee manne die volgende dag na die strand gaan soek, het hulle na drie myl (d.w.s. ongeveer 12 Engelse myl) net 'n armoedige landstreek gevind. 'n Bietjie verder het hulle twee Hottentotte

---

[7] Hoewel dit so aangeteken staan in albei tekste van korporaal W. Muller se *Daghregister* (7 September—5 Oktober 1655) afgedruk deur E. C. Godée Molsbergen (red.) in sy *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollande Tijd*, I, 's-Gravenhage 1916, p. 21 (die hele dokument is op pp. 17-25) en deur Bosman en Thom (reds.) in hul *Daghregister*, I, hierbo na verwys, op p. 418 (die hele dokument is op pp. 416-421), kan ek nie met Bosman en Thom saamstem dat die geselskap op 20 September by die huidige Kaap Hangklip was nie. Ek moet Mossop se sienswyse onderskryf dat dit uit die verloop van die landtog blyk dat die geselskap nog slegs aan die Valsbaaise kus noordwes van die Hottentots-Hollandberge kon gekom het. (Vgl. E. E. Mossop: *Old Cape Highways*, Kaapstad, datum onvermeld, pp. 58-62). Wat bedoel word met „aen de strant van de Caap Vals" is aan die strand van die *Baai Vals*. „Caap Vals" word inderdaad kort daarna in dieselfde dagregister minstens twee keer met die betekenis van Baai Vals gebruik. Kyk Bosman en Thom se *Daghregister*, II, p. 11 (4 Februarie 1656), waar die redakteurs in voetnoot 2 skrywe: „Bedoel word seker *Bay*". Daar word in die tweede voorbeeld verwys na die vars water mere „aen de Z. zijde van de Caap Vals", wat duidelik op die *Valsbaaise* kusstreek dui.




*Die Kus van Valsbaai, Swartklip tot Hangklip, laat 18e eeu* (Kaart M1/930, Kaapse Argiefbewaarplek).

gesien wat, soos later geblyk het, aan hulle eie groep behoort het. Uiteindelik kon die twee man die strand al sien, sowat twee myl (of sowat agt Engelse myl) weg, maar dit was reeds te laat om dit te bereik. Die kus skyn W.N.W. en O.S.O. te strek, en daar was blykbaar 'n baai wat N.N.O. gelê het. Omdat hulle Herry se swak leiding so lank gevolg het, was hul voorrade uitgeput. Geen vee is daarlangs gekry nie: slegs 'n ongesonde landstreek. Die derde Oktober het hulle toe na die fort teruggedraai en dit op die 5de bereik.

Of Muller se geselskap slegs die huidige Koeëlbaai bereik het, en of hulle die berge om Kaap Hangklip verder suidwaarts deursoek het, die feit is dat hulle geen vee van Hottentotte daar kon ruil nie.[8] Dit was egter die eerste amptelike blanke geselskap aan ons bekend wat die bergagtige kus sover so vroeg deurdring het. Daar was nou ook minder rede as tevore om oorland verdere verkenning daarheen ter wille van die veeruil te onderneem. Dié moeilike kusstreek sou voortaan oorland deur Kompanjiesbeamptes vermy word.

Die energieke Simon van der Stel het in November 1687 dit aan die galjoot *Noord* opgedra om Valsbaai beter te ondersoek en op te meet. Op hierdie tog waarop die kommandeur persoonlik meegegaan het, is hoofsaaklik die westelike en sentrale gedeeltes van Valsbaai gepeil. Tog is daar ook na die huidige Rooi-Els oorgevaar en tot digby die wal gegewens oor die kus ingewin. Dit is beskrywe as „de hoek van 't Hottentots Hollant" wat slegs tot op een Hollandse myl per boot genader kan word, want daarna word die ankergrond sowat 20 vaam van die wal reeds onseker. Daar is skynbaar nie aan land gegaan nie en die kus word as „heel steijl, klippig" beskryf.[9]

Mettertyd sou die baie moeilike westelike toegange oor land langs die styl berghange blanke indringing oorland ontmoedig. Oorsee met kleinere vaartuie sou dit makliker wees om Masbaai in te vaar, of ook in die ander baaitjies, hoewel kleiner en minder veilig, aan land te gaan. Afhangende van die heersende wind was daar die baai van die latere Rooi-Els, die huidige Pringlebaai, die baaitjies om die hedendaagse Stony Point heelwat verder oos, asook klein Davidsbaai daar naby. Daar sou natuurlik ook met die gevaarlike punt van Holbaai onmiddellik oos van Hangklip kennis gemaak word. Dit is laer liggend as die punte van Hangklip en bied 'n verder suidwaartse versperring aan kusvaarders. In Kompanjieskaarte van die latere 18de eeu, het die naam „Hang Lip" langs „Kaap Vals" begin verskyn, maar uiteindelik het „Hang Lip"

---

[8] Mossop meen dat die geselskap nie baie ver van die huidige Gordonsbaai oor die berge gevorder het nie. Uit 'n nasporing van die afstande wat oor die berge afgelê is, moet ek vir Bosman en Thom gelyk gee dat die korporaal verder moes gegaan het as wat Mossop meen. (Vgl. Bosman en Thom: *op. cit.*, I, pp. 459-460 en Mossop: *Old Cape Highways*, p. 62). Of Muller uiteindelik tot vlak by Kaap Hangklip gevorder het (soos ook deur P. J. van Winter beweer in sy *Geschiedkundige Atlas van Nederland: Zuid-Afrika onder Nederlandsch Bewind*, 's-Gravenhage 1936, p. 21), of dit slegs vanaf die hoë berge by die latere Koeëlbaai gesien het, is geen sleutelprobleem nie.

[9] A. J. Böeseken: *Simon van der Stel en sy kinders*, Kaapstad ens. 1964, pp. 65-67, kaart van Valsbaai teenoor p. 113, 261-263. Die aanhalings is op p. 263.

alleen oorgebly om heelwat later „Hangklip" te word.[10] In 'n kaart deur die landmeter Wentzel opgetrek teen 1752 toon hy 'n lang „onbekende Strand" oos van die Kaap Hangklip.[11] 'n Paar dekades later toon Kompanjieskaarte egter duidelik dat intussen heelwat gegewens oor die kusstreke ingewin is. Dit is meegebring deur gereelder bewoning deur veeboere wat oor die binnelandse bergpasse suidwaarts getrek het; as gevolg van die landtog wat Kompanjiesoffisier kaptein Robert Gordon en die Britse reisiger-plantkundige luitenant William Paterson in Oktober 1777 al langs die kus daardeur onderneem het; en deur die verdere aandag aan dié gebied gegee as gevolg van die stranding van die Engelse Oos-Indiëvaarder *Colebrooke* in Augustus 1778.

In 'n hersiening in 1786 van Wentzel se kaart word probeer om die hele kuslyn met sy berge en riviere aan te toon en met heelwat sukses, maar dit is opmerklik dat die belangrike Palmietrivier tussen „Hang Lip" en die Botrivier heeltemal ontbreek.[12] 'n Ander kaart wat in 1776 deur landmeter Cloete opgetrek is, gee die lope van die Steenbras-, Palmiet- en Botriviere almal min of meer korrek aan. Dit beklemtoon verder 'n baie bergagtige en rotsagtige kus met min inhamme. „Caap Fals" en „Hanglip" word langs mekaar aangegee.[13] In 1779 het landmeter Leijsten 'n opname van die streek gemaak wat hy 'n paar jaar later in kaart gebring het. Hy laat die Steenbrasrivier weg en toon in stede daarvan 'n „Vogelstruys Rivier" aan ongeveer tussen eersgenoemde rivier en die huidige Buffelsrivier wat in die hedendaagse Pringlebaai uitmond.[14]

Die rigting waaruit die blanke veeboer-jagter die streek sou opsoek, was oor die Hottentots-Hollandberge, digby die huidige Sir Lowry'spas, oor die hedendaagse Houwhoekpas en langs die bolope na hulle mondings in die see. Van wes na oos is daar die Steenbrasrivier, die Palmietrivier en die Botrivier. Waar laasgenoemde deur 'n betreklike oop vlakte sy pad suidwaarts gekies het, het sy oewers die maklikste weg aangebied.

Nadat die eerste verkenners die Hottentots-Hollandberge oorgesteek het, was dit die knegte van W. A. van der Stel wat minstens vyftien buiteposte vir die Goewerneur se baie duisende skape en beeste in die onmiddellike Overberg ingerig het. Kort na die val van W. A. van der Stel in 1707 kon heelwat vryburgers hulle oor die bergreeks met hul vee vestig.[15] Die beste weg is reeds deur die elande uitgekies en deur die Hottentotte nagevolg. Vandaar dat die Hottentotte dit die „Gantouw" (Elandspad) genoem het. Elandspad was dan ook die eerste Hollandse naam wat later deur Hottentots-Hollandkloof (naastenby by die huidige

---

10 Vgl. die pragtige kaartversameling in *Tabulae Geographicae quibus Colonia Bonae Spei Antiqua depingitur: Achttiende-Eeuwse Kartografie van de Kaapkolonie*, uitgegee met medewerking o.a. van Het Koninklijk Nederlandsch Aardrijkskundig Genootschap en geredigeer deur C. Koeman, te Kaapstad, ens., 1952. „Hanglip" en „Hangklip" word lank as alternatiewe vorms gebruik. Vgl. M1/930, M2/357 en M3/100 in die Kaapse Argiefbewaarplek.

11 *Ibid.*. Plaat I, pp. 43-44.

12 *Ibid.*, Plaat II, pp. 45-46.

13 *Ibid.*, Plaat V, pp. 51-52.

14 *Ibid.*, Plaat VI, pp. 53-54.

15 Böeseken, *op. cit.*, pp. 171-172.

Sir Lowry'spas) vervang is.[16] Net na die pas oorgesteek is, is die boloop van die Steenbrasrivier deurgegaan en daarna die Palmietrivier. Laasgenoemde is die Hollandse naam (na die Palmietplant wat daarin groei) en het die oorspronklike Hottentotnaam „Koutema" (Slangrivier, moontlik vernoem na die baie slange daarlangs aangetref) heeltemal vervang.[17] Dit is digby die huidige Grabouw geleë. Vervolgens is Knoflokskraal verbygegaan en dan die baie moeilike ou Houwhoekpas bereik. Dié naam word verskillend verklaar, maar prof. G. S. Nienaber se verduideliking in sy werk *Hottentots* dat die veeryke Hessekwas daar gewoon het en aangesien „houw" in Hottentots „bees" is, dit „Bees(te)hoek" beteken, lyk die aanneemlikste. Onder in die vallei word die Botrivier met sy Kompanjiesdrif dan aangetref. Hierdie rivier is deur die Hottentotte „Gouga" genoem wat waarskynlik beteken „Vetrivier" of „Botterrivier". Nieteenstaande ander verklarings skyn ook dié een deur prof. Nienaber in sy bovermelde werk die aanneemlikste te wees.[18] Terwyl die Overbergse grootpad na die oostelike binneland voortgaan in die rigting van die huidige dorp Caledon, vloei die Botrivier suidwaarts na sy groot mond in die uitgestrekte kusmeer en verder weswaarts agter die sandduine deur na sy klein mond. Daar digby die hoë rotse lê Kleinmond vandag.

Vryburger Andries Grové (oorspronklik Andreas Grove) was volgens amptelike rekords die heel eerste persoon wat gemagtig is om sy vee te laat wei in die kusstrook onmiddellik om Kaap Hangklip. Grové het sy veepos *Welgemoet* genoem en dit dateer uit die vroeë jaar 1739. Goewerneur Swellengrebel het op 22 April van daardie jaar aan hom die reg daartoe verleen en, nadat hy dit in Mei 1740 nog 'n jaar verleng het, word in die *Oude Wildschutte Boeken* aangeteken dat die oud-heemraad Andries Grové op 19 April 1741 te kenne gegee het dat hy met voorkennis van die Goewerneur „deese voorenstaande veepost verlaat."[19] Ons vermoed dat die Hangklipse pionier langs die westekant van die Botriviervallei na die seekus getrek het, die twee monde van die rivier verbygesteek het, en hom toe nog vier of vyf myl verder wes in die smal kommetjies tussen die kusberge, die strand en laer-Palmietrivier geplaas het. Dit sou bitter moeilik gegaan het om met vee deur die ruigtes van die Palmiet (die Slangrivier van die Hottentotte) af na die kus te beweeg het.

Vir daardie tyd het Grové, 'n Deen uit Viborg in Denemarke wat in 1719 as Kompanjiebeampte aan die Kaap gearriveer het en sowat drie jaar later vryburger geword het en o.a. te Paardenberg in die Drakensteinse distrik en ook by Rondebosch gaan boer het, 'n besonder afge-

---

16 G. S. Nienaber: *Hottentots*, Pretoria 1963, pp. 264-265 en 416. Kyk ook Mossop, *op. cit.*, p. 83.

17 Nienaber, *op cit.*, p. 458. Mossop meen dat die kronkelgang van die rivier waarskynlik verantwoordelik was vir die Hottentatnaam (p. 83). Vir Palmiet *(Prionium serratum)* kyk J. du P. Scholtz: *Uit die gekiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans*, Kaapstad, ens. 1941, p. 25.

18 Nienaber, *op. cit.*, pp. 215, 229, 342, 430-431 en 499. Vgl. Mossop, *op. cit.*, pp. 93-96.

19 R.L.R. 10: *Oude Wildschutte Boek*, Mei 1738—Februarie 1744, folio 15, p. 45 (Kaapse Argiefbewaarplek). Kyk ook voetnoot 26.

sonderde veepos uitgekies.[20] Sy naaste noordelike bure se veeposte was myle weg en agter die berge. Daar waar die Palmietrivier die berge ingevloei het, was sedert 1732 die pos *De Krabbefontein* beset. Verder oos was ook die pos *De Kromme Rivier aan de Knoffelooks Kraal* reeds sedert 1730 deur Michael Otto betrek.[21] En ver oos, oor die Grootmond van die Botrivier, was *De Attaquas Klooff aan de Onrust*, wat ook as „Heemel en Aarde" bekend sou raak, eweneens sedert 1739 as veepos bewoon.[22] Grové wat ook grond in die Kaapse distrik besit het, het heel warskynlik deur jagtogte en veeruilekspedisies dié landstreek leer ken en besluit om sy veepos daar aan te lê. Daar was volop water, heelwat groot en klein wild, goeie houtvoorrade en baie vis; maar die weiding was swakkerig. Grové moes toe ongetwyfeld een van die suidelikste veeboere in die Kolonie gewees het. Tussen die gedreun van die branding en die geskreeu van die luiperd moes die eensaamheid ontsettend swaar op sy veewagters gedruk het. Benewens rooftogte onder sy vee deur wilde diere, het bendes rondloper-Hottentotte en wegloperslawe wat hulle destyds in die berge om die Hangklipse kus opgehou het, ook sy besit bedreig. Hierdie desperate uitgeworpenes was goed georganiseerd, met vuurwapens toegerus en het na bewering selfs oor 'n visskuit beskik. Die reste van die Strandlopers kon maklik deur hulle verdryf word. Hulle het die wêreld geken en sou spoedig in Grové se vee begin belang stel en sy veewagters sou hulle nie kon keer nie. Nog betreklik onlangs is talle skaapbene en ander bene in sommige van die spelonke om Kaap Hangklip gevind.[23]

Dit is dan nie verrassend dat die eensame veepos *Welgemoet*, tussen berg, rivier en see, spoedig opgegee is nie. Eers na byna twintig jaar sou dit herbewoon word.

Op 9 Maart 1760 het goewerneur Ryk Tulbagh *Welgemoet* aan Adriaan Louw, Jacobusseun, die oue, verleen en dié veeboer sou dit meer as tien jaar lank tot sy dood bly behou.[24] Vier jaar later word die aangrensende plaas *Het Waaygat* ook aan Adriaan Louw gegee. Na alle waarskynlikheid moes die plaas op die kusvlakte weswaarts in die omgewing van die huidige Blesberg gelê het, waar die wit sand hoog op in die berg vandag nog getuig van die woede van die suidoostewind. Dáár is een van die ruimste valleie in die hele streek, met standhoudende water,

---

20 H. C. V. Leibbrandt: *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope: Requesten (Memorials) 1715-1806*, II, F-O, Kaapstad en Londen 1906, pp. 468, 469 en 470; C.J. 663: Raad van Justisie, Minuut Proces Stukken, Nov. 1736—Okt. 1737, p. 9 vgl. (op Mikrofilmrol C.A. 611 in Transvaalse Argiefbewaarplek); Pama-ed. van C. C. de Villiers: *Geslagregisters van die ou Kaapse Families*, I, A-K, Kaapstad en Amsterdam 1966, p. 272.

21 Stellenbosch Argief 11/19: Register van Leningsplase 1794, folio no. 923, p. 60; Stellenbosch Argief 11/22: Leningsplase 1813, folio 73 (Kaapse Argiefbewaarplek).

22 Stellenbosch Argief 11/22: Leningsplase 1813, folio 99 (K.A.).

23 Mededeling oor bene in spelonke is deur dr. G. Albertyn gemaak. Oor die drosters sien voenote 37 tot 42 hieronder.

24 R.L.R. 15: Oude Wildschutte Boek, Januarie 1757—Maart 1760, p. 535; R.L.R. 18: Oude Wildschutte Boek, Maart 1763—April 1765, p. 191; Stellenbosch Argief 11/12: Leningsplase 1813, folio 68. (Die gegewens in R.L.R. 18 verskaf is deur die vriendelike medewerking van mnr. J. C. Visagie, M.A., aan my voorsien.

hout en weiding.[25] Teen 1774 gaan *Welgemoet* oor op die naam van Wynand Louw en sy moeder, die weduwee van Adriaan Louw; en teen 1779 betaal die weduwee alleen die agterstallige rekognisiegelde. Toe sy 'n jaar later oog oorlede is, gee die eksekuteur in haar boedel kennis dat die plaas verlaat sal word. Nou neem 'n ander seun van die afgestorwe ouers, te wete Jacobus Louw, sowel *Welgemoet* as *Het Waaygat* oor en hy sou hulle 'n geruime tyd behou.[26]

Intussen is 'n aantal ander veeplase in dieselfde landstreek deur boere betrek — sommige nader en sommige verder. Vanaf 1756 is *Aan de Draij van en aan de Mond van de Bot Rivier* beset; en sedert 1757 *De Arijskraal* langs die bolope van die Palmietrivier in die binneland. Dan was daar nog sedert 1771 *Die Steenbraazems Rivier* oor hoë berge na die noordweste.[27]

Terwyl die stroom van ooswaartsbewegende veeboere reeds ver verby hierdie sytakkie van die Kaapse uitbreiding gevloei het, kry ons baie min inligting oor die afgesonderde pionierslewe hier. Weliswaar verskaf die bovermelde reis wat kaptein Gordon en luitenant Paterson in Oktober 1777 reg om hierdie kus aangedurf het, interessante inligting oor diere, plante, die weer en verbindings; maar niks oor die veeboere nie.

Robert Gordon was 'n wyd belese en berese offisier en 'n talekenner, terwyl William Paterson as 'n energieke en bekwame 21-jarige plantkundige in Mei 1777 aan die Kaap gearriveer het. Later sou hy Luitenant-goewerneur van Nieu-Suid-Wallis in Australië word. Dié reisgeselskappie het ook Gordon se tekenaar ingesluit, benewens moontlik nog 'n Engelsman, ene Martin. Omdat hulle verwag het om die meeste plante in die blom te kry, het hulle op 6 Oktober 1777 Kaapstad verlaat. Tot by Hottentots-Holland vergesel die gehuil van strandwolwe hulle. Daar is hul bagasie per ossewa oor die Hottentots-Hollandkloof versend terwyl hulle self op die 12de die bergpaadjie by die latere Gordonsbaai aangedurf het. Hierdie smal westelike toegang tot Hangklip was toe waar swak bekend in amptelike kringe. Slegs beperkte kosvoorrade is saamgeneem met hul jasse en hul perde waarop hulle sover as moontlik langs die berg probeer ry het. Toe Paterson langer aanhou ry as wat veilig was, val sy pard met hom op die seekant van 'n baie hoë afgrond en kon hy homself slegs red deur 'n bossie te gryp. Tog steek hulle die middel van die dag veilig die mond van die Steenbrasrivier oor en kry 'n diep baai in gesig. Dit was die baai wat vandag Koeëlbaai genoem word, maar Gordon het dit toe na die destydse Kaapse Goewerneur Van Pletten-

---

[25] Stellenbosch Argief 11/22: Leningsplase 1813, folio 67. Volgens aanvullende inligting ook goedgunstiglik deur mnr. J. C. Visagie aan my gestuur, is landbouer Nicolaas Mulder reeds op 5 Mei 1739 toegelaat om die plaas *Waeij de Gat* te gebruik om sy vee te laat wei. Op 4 Maart 1741 het hy kennis gegee dat hy die plaas verlaat. Andries Grové het dus waarskynlik 'n buurman aan sy westekant gedurende 1739 tot 1741 gehad. Volgens 'n nota op hierdie bladsy (R.L.R. 10: Oude Wildschutte Boek, Mei 1738—Februarie 1744, p. 65) het Adriaan Louw die plaas reeds op 26 Junie 1760 in lening geneem, dit daarna 'n tydlank verlaat en dit toe weer op 17 Februarie 1764 in lening geneem.

[26] R.L.R. 15: Oude Wildschutte Boek, Januarie 1757—Maart 1760, p. 535; R.L.R. 27: Oude Wildschutte Boek, Januarie 1780—Januarie 1781, folio 75, p. 153; Stellenbosch Argief 11/22: Leningsplase 1813, folio 68.

[27] Stellenbosch Argief 11/19: Register van Leningsplase 1794, p. 60, folio 601; Stellenbosch Argief 11/22: Leningsplase 1813, folio's 50 en 70.

berg vernoem. Paterson noteer in sy reisbeskrywing dat dit toe nog in geen seekaart aangedui was nie. Die nag het hulle by die heerlike waterstroompie in die middel van die baai oorgebly om die volgende môre langs nog 'n gevaarlike bergpaadjie na Rooi-Els te stap. „From Hottentot Holland, to this place," skryf Paterson, „the country is quite uninhabited; the whole tract consisting of precipices and rugged mountains.'"[28] Nou het hulle die baaitjie van Rooi-Els bereik en sowat 'n anderhalf myl daarvandaan 'n derde baai, wat die latere Pringlebaai kon gewees het. Uit Paterson se beskrywing en Gordon se kaart is dit egter nie duidelik presies watter baaie bedoel word nie. Dit kan wees dat hulle om vinniger aan te stoot agter Kaap Hangklip om oorland gegaan het en aldus nie Masbaai van naby beskou het nie. Op hul pad is baie bosse en varswatermere aangetref voordat hulle teen sowat tweeuur die middag „Cape False" verbygegaan het. Op die vlakte suidoos van Kaap Vals is slegs swak weiding vir beeste gevind. Paterson teken aan dat hy hier teengekom het „a species of Erica, which was quite new, with a spike of long tubelar yellow flowers, the most beautiful I had ever seen."[29] Verder is verskeie buffels en ook elande gesien. Dreigende reën het die geselskap vinnig laat aanstoot en die aand haal hulle die mond van 'n vol Palmietrivier. Hulle swem met moeite daardeur. Die hele nag het hulle in baie swaar reën gepaard met weerlig en donderweer die uiters vermoeiende reis voortgesit. Teen tweeuur die môre probeer hulle tevergeefs om die oorvol „Knoflick Kraals Rivier" in die donker oor te steek. Hulle is egter verplig om tot daglig te wag en slaag ook nie eers om 'n vuur aan die gang te kry nie.

Teen hierdie tyd het hulle al baie ongerief verduur: dit het nog steeds katte en honde gereën en hulle was reeds 24 uur sonder kos. Met die eerste lig is hulle die rivier deur en teen negeuur arriveer hulle by die huis van Michael Otto. Soos hierbo aangetoon, het Otto reeds sedert 1730 *De Kromme Rivier aan de Knofffelook's Kraal* as veepos beset. Die uitgeputte, deurweekte geselskap is daar gasvry ontvang. Hulle kon 'n paar uur se slaap geniet, hulle klere is droog gemaak en hulle is verversings voorgesit. Vroeg die middag is hulle voort na die Houwhoekpas. Paterson vind die veld hier swak vir beeste, maar graan kan geproduseer word asook 'n baie goeie wyn vir hierdie streek. Hy vertel dat vrugte

---

28 W. Paterson: *A narrative of four journeys into the country of the Hottentots, and Caffraria, in the years 1777, 1778, 1779*, 2de ed., Londen 1790, pp. 6-8 (aanhaling op laaste bladsy); V. S. Forbes: *Pioneer Travellers in South Africa . . .*, Kaapstad/Amsterdam 1965, pp. 81-83 en 93 vlg.

29 Paterson, *op. cit.*, pp. 8-9. Die heide is vermoedelik *Erica patersonia*. Vgl. die seksie van Gordon se kaart met byskrif „Dit Plan is naaukeurig Opgenoomen door Captein R. J. Gordon in de Maand December 1780". Dit is 'n gedeelte van Gordon se groter kaart van Valsbaai (No. 11 in die Gordon-versameling, 58 x 101 cms). Godée Molsbergen, *op. cit.*, I, het laasg. teenoor p. 120 en C. J. Barnard: „Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap" in die *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 13(1), 1950, het dit teenoor p. 331 afgedruk. Kyk ook Forbes, *op cit., p. 113*. Ek was nie instaat om die oorspronklike kaart te raadpleeg nie.

hier gewoonlik drie weke later ryp word as digby die Kaap, en dat leeus nog naby die Botrivier reisigers, hul perde en hul vee bedreig.[30]

Die klein reisgeselskap het op hierdie tog met groot geesdrif blomme en plante versamel. Dit was egter 'n reis wat vanaf sy tweede dag onder moeilike omstandighede voortgesit is sodat daar nie ver van die direkte roete om die kus afgedwaal kon word om die streek deegliker te ondersoek nie. Om die kusstreek word nóg Blankes nóg Hottentotte aangetref. Die moeilike aard van die westelike toegange langs die berge vanaf die huidige Gordonsbaai word nou, waarskynlik die eerste keer, by hoë amptelike kringe aan die Kaap tuisgebring. Dat hulle tussen die hedendaagse Strand en Otto se plaas geen wit of bruin inwoners teengekom het nie moet deels daaraan gewyt word dat hulle weens voedselgebrek en gure weer vinnig moes aanstoot en weens die mistige reën langs die berghange nie ver kon sien nie. Moontlik moes hulle ook, weens die digte bosse, lang ente langs die strand hou en het hulle so alle tekens van menslike bewoning misgeloop. Die name wat hulle aan baaie op hul weg gegee het, is ook nie aanvaar nie. Uit Paterson en Gordon se reisaantekeninge blyk duidelik dat terwyl op die afgesonderde kusstrook swak weiding vir vee gevind is, dit tog botanies verdere ondersoek sou loon.

Minder as 'n jaar later is die soeklig sterk op die huidige Koeëlbaai gewerp. Dit was as gevolg van die stranding van die *Colebrooke* op 24 Augustus 1778 aan die suidoostekant daarvan. Op pad na Simonsbaai het dié Engelse Oos-Indiëvaarder in die middel van die dag op 'n versteekte rots, genaamd die Aambeeld, geloop, feitlik dadelik losgeraak, maar aangesien die water te vinnig vir die skeepspompe ingestroom het, is besluit om met die noordwestewind na die oostekant van Valsbaai te vaar. Die plan was om daar anker te werp of om die skip op die strand te laat loop. Teen vieruur die middag kon die skip nie meer beheer word nie en het hy in die hedendaagse Koeëlbaai gestrand. Nadat die eerste bootjie met vyftien man in die branding omgekeer het, en slegs agt of nege man die strand lewendig bereik het, is besluit om liewers die passasiers, soldate en matrose op die ander skepe wat die *Colebrooke* vergesel het, oor te plaas. Teen 8-uur die aand is twee-derdes reeds van die wrak, wat tekens van opbreek getoon het, afgehaal. Dit is die volgende dag voortgesit terwyl ander persone hulle op vlotte gewaag het om spoediger aan land te kom. Daar het egter weer mense verdrink. Die oorlewendes is aangesê om na die latere Gordonsbaai, waar hulp op hulle sou wag, aan te sukkel. 'n Storm het nou opgekom en die wrak heeltemal opgebreek. Die laaste boot van die *Colebrooke* met 57 man daarin moes twee dae en twee nagte op die stormagtige waters van Valsbaai rondgeslinger word voordat dit veilig op die strand geloop het. Alle opruimingstogte vanuit Simonsbaai na die wraktoneel is gevolglik ook gestaak. Op die 18de September het 'n ondersoekgeselskap vanaf Kaapstad oorland daarheen gegaan en die twaalf myl lange weg „over

---

30 Paterson, *op. cit.*, pp. 9-12 en Gordon se kaart.

Mountains where nothing more than Men can go" bitter moeilik gevind.[31] Die water in die Steenbrasrivier was diep en sterk, en is met groot moeite en lewensgevaar oorgesteek. 'n Paal is gebruik om van een groot klip na die ander te spring terwyl hulle al die tyd tot by hulle middel in die water was. By Koeëlbaai was die strand bestrooi met wrakstukke maar van die vrag self was bykans niks te sien nie. Toe teen die einde van September alles wat van die *Colebrooke* oor was in Kaapstad opgeveil is, het dit slegs £177 behaal.[32]

Vir die Kompanjiesowerhede aan die Kaap was dit egter nie die einde van die *Colebrooke* nie: daar het verdere probleme uit voortgespruit. Op 7 September 1778 het landdros M. A. Bergh van Stellenbosch gerapporteer dat deur „een groote menigte van Inwoonders en meede gebragte Hottentots en Slaaven, die van Stellenbosch, 't Moddergat, Hottentots Holland, ja selfs uijt Swellendams District" daar grootskaalse strandroof gepleeg is. Veral in die nag is van die waardevolste goedere onwettiglik weggevoer. 'n Verdere probleem het opgeduik deurdat 'n aantal Engelse opvarendes landwaarts gedros het. Veldwagtermeesters van die streek word nou aangesê om die drosters voor te keer en aan die owerhede uit te lewer. In geval van verset moes die deserteurs met die wapen tot oorgawe gedwing word, en desnoods op hulle gevuur word. Inderdaad is reeds teen die einde van Augustus 'n korporaal en ses dragonders gelas om vanaf die plaas van oud-heemraad Willem Morkel, in die Hottentots-Holland, na die wrak te gaan om die opgespoelde goed te beskerm en ook aan noodlydendes hulp te verleen. Later sou hulle deur 'n nuwe troep afgelos word.[33]

'n Betreklike groot aantal Blankes het so met die steil kronkelpaadjies tot naby Rooi-Els goed vertroud geraak. Dit is baie waarskynlik dat Swellendammers langs die Palmiet- of Botrivier verby Hangklip en Rooi-Els koers gekry het om sodoende in die opwinding te deel, hetsy hulp te verleen of bloot net „aandenkings" aan die opspraakwekkende gebeure te kom haal, wat hulle as vrye toegifte van die see (die Kompanjie se plakkate nieteenstaande) beskou het. En dit is ook baie waarskynlik — soos by die latere Hermanus herhaalde kere gebeur het — dat daar immigrasie deur skipbreuk was wat 'n aantal Engelse vanne tot die dunbevolkte landstreek bygevoeg het. Die klein troepie dragonders sou in die ruie bergwêreld nouliks alle deserteurs kon aangekeer het: sommige

---

[31] V. S. Forbes: „John Elliott's visit to Cape Town, 1778-1779", in die *Quarterly Bulletin of the South African Library,* 7(1), Sept. 1952, pp. 13-16. Elliott, derde offisier aan boord die *Colebrooke,* was 'n betroubare getuie wat vermoedelik sy „Memoirs" op kontemporêre aantekeninge gebaseer het. Nuwe en helderder lig word op die bekende skipbreuk gewerp. R. F. Kennedy se *Shipwrecks on and off the coasts of Southern Africa: a Catalogue and Index* uitgegee deur die Johannesburgse Openbare Biblioteek in 1955, p. 43, moet hier gekorrigeer word. Vgl. ook Gordon se bovermelde kaart.

[32] Forbes, *op. cit.,* pp. 16-17.

[33] Die verskillende amptelike dokumente oor die *Colebrooke* word afgedruk in K. M. Jeffreys (red.): *Kaapse Archiefstukken lopende over het jaar 1778* . . „ Kaapstad 1926, pp. 95-98, 15-85, 195-198, 205, 267-270. Die aanhaling is op p. 96.

kon hulle stilletjies op afgesonderde boereplase gevestig het of by groepe van die Hangklipse drosters aangesluit het.[34]

Soos duidelik blyk uit Gordon se kaart gedateer Desember 1780, was daar twee jaar na die stranding van die *Colebrooke* heelwat gedetailleerde inligting oor die Hangklipse kus- en bergwêreld bekend. Sedert Gordon en Paterson se haastige tog, moes verdere inligting (moontlik juis as gevolg van die bovermelde skipbreuk) ingewin gewees het. Omdat Gordon se reisjoernaal met die skryf van hierdie artikel nie beskikbaar was nie, kan ons slegs afleidings maak van sy notas op sy uiters interessante kaart.

Daar word drie plase aangetoon. Wes van die „Steenbrasems Riv." agter die kusbergreeks kom 'n veeplaas voor. Baie naby die kus by die huidige Silver Sands net oos van 'n vlei is nog 'n veeplaas. Die derde is die goed gevestigde plaas van Michael Otto met sy landerye, waar Gordon en sy geselskap slaapplek gekry het. As gevolg van die stranding van die *Colebrooke* kry Koeëlbaai tydelik die alternatiewe naam „Colebrooke's Baaij." Reg agter Koeëlbaai word „de hoogste ronde Berg van dese Ketting Bergen" 3 300 voet bo seespieël aangetoon (nog sowat 850 voet te laag!). Die weg na Rooi-Elsbaai (nou tydelik na Paterson vernoem) word langs 'n „seer steil strand" aangetoon; en die valleitjie langs die Rooi-Elsrivier „Waayhoek" genoem. 'n Paadjie loop suid van die rivier ooswaarts na die binnelandse valleie. Tussen Rooi-Elsbaai en Pringlebaai (wat nou tydelik Gordon se naam kry) word 'n „Van Koppens Klip baaitjie" en 'n „Cubus Klip baaitjie" aangedui. By Pringlebaai word 'n buffelspad ooswaarts deur die vallei noord van die drie vleie na die latere Tierkloofbos uitgestippel. Terwyl Kaap Hangklip se kusstreke met sy baaie goed afgeteken word, ontbreek die ver suidwaarts uitgeskowe punt van Holbaai feitlik heeltemal. Dit is die vroegste goeie kaart van Hangklip en sy wêreld.[35]

Teen die einde van die Kompanjiesbewind aan die Kaap was die byna totale isolasie van die bergagtige kusstrook aan weerskante van Kaap Hangklip maar in 'n geringe mate verbreek. Ver anderkant Graaff-Reinet was daar reeds geskiedenis gemaak en by die Visrivier is Oosgrenstradisies opgebou, maar in Hangklip se wêreld, wat net veertig myl van Kaapstad begin het, het nog slegs 'n handjievol veeboere hulle op die kusvlaktetjies met swakkerige weiveld opgehou. Oorland in die binneland kon die moeilike bergpasse 'n nuwe wa na 'n oue laat lyk en die stomme osse laat bloei. Toe Lady Anne Barnard in 1798 oor Hottentots-Hollandkloof gereis het, skrywe sy „ I was horrified to see how much the poor oxen had suffered in our service; their sides were streaming down with blood . . ." Sy het voortgereis „over a tract of country still innocent of the plough,

---

[34] Vgl. T. Tredgold: *Village of the Sea: The Story of Hermanus,* Kaapstad en Pretoria 1965, pp. 23-4; F. G. Backman: *A Comparative Geographical study of the nucleated settlements of Genadendal, Hawston, Idas Valley (Stellenbosch) and South End (Strand),* ongepubliseerde M.Sc.-verhandeling, Unisa, 1966, p.17.

[35] Ongelukkig weet ons nie hoe al die inligting wat op die kaart van 1780 verskyn, versamel is nie. Omdat min van die kennis daarin opgesluit in amptelike kaarte aan die Kaap opgeneem is (sien hierbo), vermoed ons dat dit 'n private kaart was wat nie uit Gordon se eie versameling gegaan het nie.

passing by three rivers . . . Then along a dangerous pass, which with a high loaded waggon and eight horses in hand was not very pleasant . . . We had to engage a further team of twelve oxen to carry us over Howe-hook, another tremendous hill . . . The rocks appeared to be of a bastard white marble, but they said they were limestone; and a lot of the most brilliant everlasting flowers, pinked with black hearts, grew among the heath. The descent was two miles, and before us opened a wide desert, pathless, untenanted; one little bit of smoke only ascended to heaven — it looked like the fire-offering of Cain."[36]

Langs die nou toegange op die Valsbaaise kuspaadjies was gapende afgronde en rondspeurende drosteroë: om perde daarlangs te lei, was in elk geval tydrowend en vermoeiend. Die see was die beste pad. Uit Simonsbaai en aangrensende baaie is met mooi weer menige avontuur onderneem na die winkende berghange aan die oorkantse kus van Valsbaai. Stille jagtogte en visvangekspedisies na 'n nuwe wêreld lê voor die hand. Eweneens sonder skriftelike spore kon talle opvarendes by die Hangklipse kus aan land gestap het. Oor die jare kon handelskepe, walvisvaarders, oorlogskepe, of selfs seerowers, hulle ongemerk daar in beskutte baaitjies tuismaak om uit te rus en voedsel en water in te skeep. Beroemde plantkundiges kon vandaar unieke blomme en plante van onbekende versamelaars gekry het sonder om self iets tot die aangetekende geskiedenis van die kusstreek by te dra of iets daarvan te wete te kom.

Weerklanke van dramatiese gebeure wat daar op vergete plekke deur grotendeels vergete persone se toedoen, afgespeel is, word na baie jare nog gehoor. Nie veel daarvan kan in rekords teruggevind word nie. Daar word vertel van drosters wat hulle daar in spelonke ophou, vee steel en mense ontvoer; en van strafekspedisies wat onderneem is om reg te laat geskied en onreg te herstel. Tot ver in die 19de eeu in sou nog verhale van misdade en heldedade uit hierdie uithoek in die distrikte Caledon, Bredasdorp, Swellendam en verder weg vertel en oorvertel word.[37]

Die siek Hollander M. D. Teenstra, wat in 1825 die Caledonse warmbad besoek het en toe ook deur dele van die Overbergse wêreld gereis het, gee in sy *De Vruchten Mijner Werkzaamheden* (Groningen, 1830)[38] interessante besonderhede van die onrus wat na honderd jaar nog deur die Hangklipse drosters veroorsaak is. Met een van Michiel van Breda se waens en met Koos Swart (die bekende dr. Con de Villiers se moeder se grootjie) as sy koetsier en gids, hoor hy dat „alleen rijdende wagens niet zelden door eene horde of bende gewapende roovers overvallen en van alles beroofd worden; bestaande deze roovers meest uit gedroste,

---

36 W. H. Wilkins (ed.): *South Africa a century ago: Letters written from the Cape of Good Hope (1797-1801)* . . ., Londen 1913, pp. 161-162 (brief gedateer 6 Junie 1798, wat verwys na gebeure op 6 en 7 Mei 1798). Dr. Marie Vogts identifiseer hierdie Sewejaartjie as *Phoenocoma prolifera.*

37 Vgl. bv. L. G. Green: *South African Beachcomber,* Kaapstad 1958, pp. 20-22; en die name *Moordenaars Kloof* en *Drosders Nest* op Kaart 2/430, Afdeling Caledon 1917, C, Vel 1 (T.A.).

38 Uitgegee deur F. C. L. Bosman as No. 24 van die Van Riebeeck-Vereniging, Kaapstad 1943.

dat is gevlugte slaven en Hottentotten, welke zich in het ontoegankelijk gebergte van de *Hanglip* met vrouwen en kinderen ophouden." Volgens die verhaal van die boere, sou sommige rowers „den enkelen, naauwen en ongemeen steilen toegang bij nacht bewaken; terwijl de overigen dezer bende somtijds eene maand achtereen op roof uitgaan, en dan onder een' gewapenden hoop het land met bebloede handen al plunderende afloopen, wanneer zij deze en gene boerenwoningen geheel berooven, en bij tegenweer plunderen, daar zij zich alsdan van vee, gereedschappen, meubelen en kleedingstukken in ruime maat voorzien, waardoor zij dan wederom voor enige maanden geproviandeerd zijn." Swart vertel verder dat daar die vorige jaar 'n slaaf wat hom sestien jaar lank met 'n bende in die spelonke versteek het, na die beskawing teruggekeer het. Teenstra was skepties oor hierdie verhale. Dit was, sê hy, vir hom vreemd dat 'n Europese regering so 'n rowernes so naby Kaapstad nie met geweld sou uitroei nie. Verdere getuienis bevestig egter die waarheid van die verhale.[39]

Toe Teenstra op sy latere reis 'n wa verlang van die veldkornet van Caledon, W. H. Kleyn, moes hy hoor dat hy „zelf met een kommando burgers uitgerukt was, om de roovers in die *Hanglip* te vervolgen." Gedurende die Hollander se verblyf by die Caledonse bad, verneem hy van verdere voorvalle: „Zekere landbouwer, Willem Theunissen, de *Hottentots-Hollands* kloof met zijn' slavenjongen bij nacht passerende, en ofschoon ieder op een paard gezeten zijnde, werden zij hier door de roovers aangevallen, naakt uitgekleed, latende hen, na hun een pak slaag op den handel te hebben toegegeven, toen voortreizen." 'n Slaaf wat juis toe in die Caledonse tronk sit, het as lid van die Hangklipse bendes vertel dat daar toe nie minder as drie verskillende bendes bedrywig was nie; en hulle was groterige bendes van 30, 22 en 18 persone elk. Nog tydens Teenstra se verblyf te Caledon is vyf slagosse gesteel van 'n boer wat aan die Onrusrivier woon. Dit lei dan tot veldkornet Kleyn se kommando wat na ses dae se soektog in die berge geen drosters of lewende beeste vind nie: slegs leë grotte en soutvleis en biltong van 21 beeste! Dat die rowers nie altyd so lig daarvan af gekom het nie, blyk uit 'n ander verhaal van Teenstra oor 'n kommando wat 'n paar jaar tevore met goeie beplanning veertien rowers oorrompel en gevang het. Hierdie kommando het na verkenning in die nag uit die vure van die rowers kon vasstel presies waar die bende hom opgehou het. Daar kon toe doeltreffend toegeslaan word.[40]

'n Ander verhaal, skynbaar uit die laat-18de of vroeë 19de eeu, lewe vandag nog voort in en om Kleinmond. In die nag is 'n reisgeselskap in die Hottentots-Hollandberge deur 'n rowerbende oorval en 'n blanke seun en meisie is na 'n onbekende spelonkskuiling meegevoer. Blykbaar wou van die drosters wat nie kon skrywe nie, hê dat die meisie hulle van vervalste passe moes voorsien sodat hulle desverkiesend na hartelus in die Kolonie kon rondswerf. Die meisie het egter van 'n geleentheid

[39] Ibid., p. 89; C. G. S. de Villiers: *Medereisigers*, Kaapstad [1964], pp. 1516.
[40] Teenstra, *op. cit.*, p. 140.

gebruik gemaak om 'n skriftelike noodroep na die buitewêreld uit te stuur. 'n Boerekommando het dadelik uitgegaan, maar kon nie vasstel waar die kinders aangehou word nie. Die veldkornet het daarop besluit om 'n aantal beeste hoog op langs die Steenbrasrivier te laat wei en hulle stilletjies dop te hou. Toe die vee, soos verwag is, deur die drosters aangekeer is, het die kommando die spoor na 'n spelonk op die kus by Rooi-Els is Pringlebaai gevolg. Die goed bewapende bende is daar in 'n diep verskanste grot, waarin hulle ook die kinders aangehou het, vasgekeer. Ten einde raad het 'n familielid van die seun aangebied om met 'n tou oor die krans bo-oor die mond van die grot af te daal en daar het hy daarin geslaag om die bendeleier dood te skiet. Na die verrassingsaanval is die rowers oorrompel en die kinders gered. As erkenning vir die heldedaad is 'n plaas aan die held of sy erfgenaam toegeken.[41]

Uit hierdie verhale en op grond van ander aanduidings van periodieke onrus om die Hangklipse bergwêreld, blyk dit dat vanaf die vroeë 18de eeu, en vir minstens 'n honderd jaar daarna, 'n grens binnekant 'n grens hier ontwikkel het. Dit was 'n miniatuur, maar lastige grens, deur weglopet slawe en moontlik ook rondloper Hottentotte daargestel in die hart van die oudste nedersettingsgebied in Wes-Kaapland. Uit die bergvesting kon verskuilde drosters na drie kante uitvalle maak. Hulle het nie slegs op die oostelike en westelike kusvlaktes boereplase beroof nie, maar selfs klein reisgeselskappe op een van die hoofroetes na die Overberg bedreig, beroof, ontvoer en gedood.[42] As gevolg van die ontoeganklike

[41] Deur dr. G. Albertyn in Januarie 1969 te Kleinmond vertel. L. G. Green deel 'n ander versie van dieselfde verhaal mee wat hy van „Oom Stoffel Albertyn of Onrust" verneem het. (*South African Beachcomber*, pp. 20-22). Mev. G. Albertyn van Kleinmond het my daarop gewys dat daar ook 'n ander verhaal is wat moontlik hiermee verwar kon gewees het. In L. L. Tomlinson se *Geskiedkundige Swellendam*, Kaapstad 1943, word op pp. 93-94 vertel dat daar op 20 Februarie 1805 drie korporaals en 28 manskappe van die Hottentot-regiment uit die Wynbergse militêre kamp gedros het en na die Hangklipbergwêreld gevlug het. Daarheen het 'n kommando hulle agtervolg, die drosters gevang en die drie korporaals gedood. Op hierdie tog het die Swellendamse „Cavallerist" Mattheus (Barend) Saayman gesneuwel en is twee ander kommandolede gewond. Aan Saayman se ouers is 'n leningsplaas *Barends Eere Dood*, na die gesneuwelde vernoem, lewenslank toegeken. Vgl. J. de Villiers: *Hottentot-Regimente aan die Kaap, 1781-1806*, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.S., 1969, p. 236 vlg.

[42] „At Cape Hangklip", skryf V. de Kock in sy *Those in Bondage*, „ a large number of fugitive slaves lived in comparative luxury and security. They were not only well provided with guns, powder and lead, but they also had their own fishing-boat" (Londen 1950, p. 83). Uit talle verklarings van gevange drosterslawe blyk duidelik hoedat groepe gewapende slawe in die twintiger- en dertigerjare van die 18de eeu in en agter die latere Gordonsbaai geskuil het. Plase in die Hottentots-Holland is deur hulle aangeval en beroof. Daar het hulle probeer brandstig, mense ontvoer en veral wapens gebuit. Slawebendes het soms wyd oor die Kaapse Vlakte rondgeswerf en hoofsaaklik van vis en veldkos gelewe. Hulle het eenkeer selfs probeer om die Kaapstadse watertoevoer met 'n stuk giftige Opblaservis te vergewe. Dit skyn ook asof hierdie drosters met die landstreek oor Hottenots-Hollandberge in verbinding was en soms daarheen uitgewyk het. (C. J. 663: Raad van Justisie, Minuut Proces Stukken, Nov. 1736—Okt. 1737, p. 14 vlg., Mikrofilmrol C.A. 611 in T.S.A.. Sowat 'n halfeeu later word sewe drosterslawe aan die Palmietrivier gevange geneem nadat hulle onder Michael Otto se vee doenig was en 'n wagter aan die kop gewond het (Uit 'n brief van die Landdros van Stellenbosch, 23 Oktober 1778, in Jeffreys (red.): *Kaapse Archiefstukken, 1778*, p. 283).

aard van die Hangklipse berg- en kuswêreld en die sluwe vasberadenheid van talle bendes sou daar somtyds digby Stellenbosch en Swellendam 'n nie-blanke grens binnekant 'n blankbeheerde streek ontwikkel, wat die bestendige ekonomiese groei van die omgewing kon ontwrig. Daarin lê 'n deel van die historiese betekenis van die vroeë geskiedenis van Hangklip. Aanvullende navorsing wat oor die opbreek van die Hottentotstamme en die slawegeskiedenis in die Kaapkolonie nog gedoen moet word, sal ongetwyfeld nuwe lig hierop kon werp. Dan sal verhale en legendes na konkrete historiese gebeure herlei word en hul presiese betekenis bepaal kan word.

Dit skyn asof weglopersIawe vroeër in die 17e eeu nie veel blywende sukses gesmaak het in hul pogings om te dros nie. Daarvoor was die stamstelsel van die Hottentotte wat in die Bolandse berge, klowe en valleie gewoon het, moontlik nog te sterk. Toe die Hottentotstamme egter vroeg in die 18de eeu deur vreemde siektes en onder blanke druk begin opbreek of dieper in die binneland in verhuis het, blyk dit dat die posisie verander het. In elk geval is dit opmerklik dat drostergroepe hulle sedert die vroeë 18de eeu periodiek in die afgesonderde Hangklipse bergwêreld meer as honderd jaar lank tuisgemaak het.[43]

Die klein groepie veeboere wat hulle in die Hangklipse wêreld gewaag het, het ook 'n stempel daarop geplaas. Hoewel ons min weet van hul doen en late, is dit duidelik dat hulle goeie weiveld vir hul vee in 'n suur sandwêreld gesoek het en dit nie daar gevind het nie. Die veeboere het die wêreld probeer tem. Leeus, wolwe, buffels en elande is uitgeskiet; die luiperde, bobbejane, wildsbokke en wilde voeëls is uitgedun. Die pragtige oerbosse wat nie uitgebrand is nie, is merendeels uitgekap. Vir sy huisraad het die veeboer stinkhout gekap en gesaag, en vir disselbome ysterhout. Om die veld te dwing om meer weiding te lewer, is dit gereeld aan die brand gesteek. Die as van miljoene sewejaartjies is op die suidoostewind die valleitjies ingedra; en van die skaarste en skoonste Proteasoorte het dikwels net swart brandhout oorgebly. Aangesien die klompie veeboere 'n beperkte en wydverspreide kringetjie gebly het, sou hulle nie 'n groot invloed op die landstreek kon uitoefen nie. Min van hulle het die energie gehad om gereeld af te reis oor die Hottentots-Hollandse bergpasse, deur die digte sand langs die Botrivier af, deur die riviermonde en oor die nat sand en rotse van die strande. Dit was die Louws wat in die laat-18de eeu groot dele van Hangklip feitlik in 'n

---

[43] Van my gevolgtrekkings is o.a. gebaseer op J. C. H. Grobler se *Die Arbeidsvraagstuk aan die Kaap 1652-1662* (ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1969), asook op samesprekings met die skrywer gevoer. In 'n onlangse studie oor vroeë verhoudings tussen Blankes en Nie-blankes word aan die opbreek van die Hottentotstamme en die rol van slawe aan die Kaap heelwat aandag gegee. Vgl. Monica Wilson se „The Hunters and Herders", pp. 67 vlg. en M. F. Katzen se „White Settlers and the origin of a new society, 1652-1778", pp. 184 vlg. en 204 vlg. in M. Wilson en L. Thompson (reds.) se *The Oxford History of South Africa, I, South Africa to 1870,* Oxford 1969. Oor probleme i.v.m. die interaksie tussen die bevolkingsgroepe aan die Kaap in die 17de en 18de eeue kan egter nog baie navorsing by uitstek in ongepubliseerde argivale bronne gedoen word.

familielandgoed omskep het. Vandag nog verskyn die naam „Wynand Louws Bos" in 'n vallei agter die kusberge op detailkaarte.[44] Familie van die Louws, die Lückhoffs en die Albertyns, sou later in die 19de eeu uit Caledon die riviermonde en baaitjies as vakansie- en ontspanningsoorde opsoek; en steeds verder weswaarts sou hulle na beter visvangplekke uitbrei.[45]

In die laaste instansie word die Kaap Hangklipse wêreld oorheers deur die see wat in sy kronkelinge sowat 50 myl langs rots en sand spoel. Uit sy kuswaters het hy groter rykdomme aangebied as wat die sandgrond op sy smal valleitjies destyds aan die mens kon gee. Daar is min plekke langs die kus waar die gedreun van 'n stormsee nie gehoor kan word nie. In sy stormwoede het hy talle swaarbelaaide vaartuie, groot en klein, op dié rotse en strande gewerp. Vandag het die wrakke almal feitlik spoorloos verdwyn. Legendes en verhale van avonture, tragedies en heldedade word egter nog aangetref. Sommige leef nog net voort plaaslik in die volksmond; ander is op rekord in reisbeskrywings en ander boeke in biblioteke, of berus in die Suid-Afrikaanse argiewe slegs in verbleikte handskrifte; nog ander verhale sal in die toekoms in vergete rekords in verre lande teruggevind moet word. Om nou reeds die vernaamste ware feite vas te stel, is 'n onbegonne taak. Immigrasie deur skipbreuk of gedwonge landing moet bv. nog deegliker ondersoek word.

Wanneer die see stil was, het dit die betekenis van Hangklip egter vergroot. Dan het sy talle inhammetjies elkeen 'n gelyk pad gebied vir bote en skepies om in en uit te vaar. Dan kon mense uit baie oorde aan land gaan om vis te vang, te jag, handel te dryf, te smokkel, te roof of om te spioeneer. In daardie tye kon die N.O.I.K. se naarstiglik gehandhaafde alleenhandel of monopoliestelsel baie ernstig ondergrawe word. Allerlei ware kon stilletjies geland en winsgewend verkoop word. Vyandige agente kon ongemerk aan land gaan, dit ondersoek, op kaart bring en verslae daaroor opstel. Vandaar dat die Kompanjiesowerhede dit nooit kon bekostig om die Hangklipse wêreld heeltemal uit sy wakende oë te laat gaan nie.

Later kon met kalm see produkte soos graan, blomme en plante, en vars en bewaarde vis soms redelik maklik vanaf die Botriviermond en die baaitjies verder weswaarts na die hawes om die Kaapse Skiereiland

---

44 Veral van belang is Suid-Afrika 1: 50 000, Vel Hangklip 3418 BD, 1ste uitgawe. Kyk ook Topographical Survey Sheet No. 369, 3418 F7 Hangklip, 1: 18 000 en aangrensende velle. Nog in die twintigerjare van die 19de eeu woon 'n Johannes Adriaan Louw op *Welgemoed* en Jacobus Louw, Adriaan-seun, op *Waaygat*. Kyk J.325: Opgaafrol Swellendam 1826, Wyk Palmiet- en Botrivier, nos. 7 en 33. Vgl. verder M2/357 en M3/100; Surveyor Generals Office (voorlopige nommer) 1/4/1: Letters from Private Individuals, 1820-1842, Louw aan Kommissaris van Landerye, Tygerberg, 24 Januarie 1833, brief en bladsye ongenommer (almal in K.A.).

45 Op Kaart M3/100 word aangteken dat verlof verleen is aan ds. J. K. Albertyn om aan die mond van die Palmietrivier 'n stuk grond van 100 vk. vt. as „Seaside Residence" te okkupeer. Die reg word nl. deur 'n brief van 15 April 1899 in die Landboudepartement bevestig. Op dieselfde kaart word ook genoteer dat om 'n stuk grond noord van die Rooi-Elsrivier deur Messrs. Lochoff and Albertyn" aansoek gedoen is en dat dit skynbaar op 22 Des. 1899 na die owerheid verwys is.




*oeg in die 20st* **Kaapse**
Argiefbewaarple

vervoer word.[46] In die 19de eeu sou heelwat pogings aangewend word om daar stelselmatig vis te vang met behulp van beroepsvissers en die vangste vinnig te verskeep. Die see was egter selde lank genoeg aaneen stil om dit 'n winsgewende bedryf te maak. Veranderlike stormwinde kon maklik 'n vrag vir Simonsbaai bedoel skielik na Port Beaufort se kus neem, tot groot verlies vir die ondernemers. Skerp rotsriwwe en verskuiwende sandbanke het die risiko verhoog. Riviermonde het versand. Met die groter tipe vaartuie wat later gebruik is om meer ekonomies te opereer het die kusvaart mettertyd nog verder afgeneem.[47]

Die kusstreek is beter bekend gestel toe walvisvangers dit as kusbasis begin gebruik het, waarvoor die klein inhammetjies uitnemend geskik was. Boerderybedrywighede is in die 20ste eeu vervang deur bosbewarings- en bosbouaktiwiteite. Ook is ruim streke as natuurreservate verklaar en vir botaniese navorsingsdoeleindes aangewend. Die uithaal van perlemoen (wat op groot skaal ingemaak en uitgevoer word) is in 1968 langs 'n deel van die Bettysbaaise kus beëindig deur die proklamering van die H. F. Verwoerd-Seereservaat. Voor Kaap Hangklip is 'n vuurtoring opgerig waarvan die ligstrale tesame met die van Dangerpoint se vuurtoring die kuswaters probeer beveilig.

Kort ná die eerste Britse verowering van die Kaap, verskyn Engelse name op die kus. Pringlebaai word vernoem na adml. J. Pringle wat dit in 1796-1797 laat opmeet.[48] Oos van Pringlebaai kry Sandownbaai sy naam, vermoedelik as gevolg van die sandduine daar langs die kus. Toe die Hangklip Beach Estates in die dertigerjare van die 20ste eeu die kusplase tussen die Rooi-Elsrivier en die Palmietrivier wat toe aan mnr. Walsh behoort het, aankoop, word name soos Silver Sands, Betty's Bay en Sunny Seas aan die nuwe dorpies gegee wat vandag geleidelik tussen berg en see vorm aanneem.[49]

Die euelange afsondering van Hangklip is met die Tweede Wêreldoorlog beëindig. Om dringende militêre redes, moes kuswagstasies as verdediging teen Duitse duikbote wat in Kaapse waters bedrywig was, daar opgerig word. Behoorlike verbindings is direk weswaarts na die stasies ingestel deur die bou van 'n deeglike militêre kuspad. So word

---

[46] Onder die hofie „Coasting Trade" het *The South African Commercial Advertiser* op 27 Junie 1838 gerapporteer dat ene Kayter (Keyter?) uit die distrik Swellendam die vorige jaar, na berig word, in sy klein kusvaarder bykans 3 000 mud koring uit die mond van die Botrivier verskeep het. Die riviermond, voeg die koerant by. „is the natural port of a large and most productive portion of the Swellendam District, as the mouth of the Breede River is of its more eastern division."

[47] Vgl. o.a. die aankondiging van die openbare veiling van eiendomme van John Gadney van Palmietrivier op 7 en 8 April 1843. Gadney het uitgebreide boerdery-, vissery- en handelsbelange daar gehad. *(De Zuid-Afrikaan,* 17 Maart 1843, p. 1). Uit die Stellenbosse Opgaafrolle blyk dit dat Gadney met Gertruyda M. J. Swart getroud was en heelwat Blankes en Kleurlinge in sy diens gehad het (M.O.I.B. 2/797: no. 15, 28 Feb. 1854; J. 275A, 1837, J. 276, 1838, en J. 284, 1842, almal in D. de Kock se Veldkornetskap).

[48] T. Pringle aan E. Nepean, 15 Januarie 1797, in G. M. Theal:*Records of the Cape Colony,* 1796-1799, II, Londen 1898, p. 46.

[49] Vgl. General Plan of Hangklip Beach Estates Ltd. in Kaart M3/575, 1935-1936 (K.A.)

die ontoeganklike westelike toegange tot Kaap Hangklip uiteindelik verbreek met die oopkap en oopskiet van die berghange bo die Valsbaaise see. Deur die beplanning van 'n nog beter en sneller direkte weg in die sestigerjare vir gebruik in die sewentigerjare, sal die kuspad aangevul word deur 'n korter binnelandse pad. Daar sal deur die bergversperrings getonnel word om die verkeer veel gouer na en van Hermanus te lei. Kaap Hangklip en sy wêreld sal dan baie van sy unieke bekoring wat uit sy grootste isolasie gespruit het, inboet. Toeriste en vakansiegangers sal voorheen ontoeganklike heiligdomme makliker kan bykom. Soos ook met talle ander afgesonderde streke van ons land gebeur het, sal ook dié streek dan meer volkome deel word van die Republiek van Suid-Afrika. En die breuk met sy verlede mag tegelyk tot die ontdekking van nuwe skakels met sy verlede lei. In sy bodem, net soos in sy waters, wag baie geheime.[50]

Prof. C. F. J. Muller.

50 Graag betuig ek my dank vir hulp van allerlei aard aan dr. en mev. G. Albertyn van Kleinmond; mnr. M. van N. Mohr van die Departement Bosbou te Pretoria; mej. M. D. Gunn van die Nasionale Herbarium se Navorsingsinstituut te Pretoria; prof. dr. H. P. van der Schijff, hoof van die Departement Plantkunde aan die Universiteit van Pretoria; mnr. J. C. Visagie van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch; verskillende beamptes van die Departement Bosbou sowel in Kaapstad as te Highlands; dr. D. Hey, Direkteur van Natuurbewaring, Kaapstad; dr. Marie Vogts, Plantkundige Navorsingsbeampte te Bettysbaai; en die personeel van die Kaapse Argiefbewaarplek.